Sondag, 2 Junie 2019
Ekologie Sondag
Nagmaal

‘n Gasvrye tafel

“... as julle saamkom om nagmaal te vier, wag vir mekaar.”
(1 Korintiërs 11:33)

In sy brief aan die huisgemeentes van Korinte, vind Paulus dit nodig om die gelowiges kwaai te vermaan. Hulle samekomste doen meer kwaad as goed. Wat hom veral hinder is die manier hoe hulle nagmaal vier: soos hulle dit doen, is dit eintlik glad nie meer die maaltyd van die Here nie! Hoekom?

Want hulle verstaan nie waaroor die nagmaal gaan nie! Sonder dat hulle dit eintlik besef, maak hulle onderskeid tussen verskillende groepe mense en sluit party uit. Hulle is gewoon nie gasvry genoeg nie. Hulle wag nie vir mekaar voor hulle wegval met die maaltyd nie. Op die oog af klink dit nie belangrik nie; dis bloot praktiese reëlings! Maar in werklikheid maak dit ál die verskil. Want is dit dan nie juis by die nagmaal waar die hart van kerk-wees sit nie, waar God self vir hulle rondom die tafel ontmoet nie? Is die nagmaal dan nie juis die suiwerste uitdrukking van hulle verhouding met die Here nie? Daarom vermaan hy hulle, en verduidelik hy vir hulle die betekenis van die nagmaal:

(1) Die Nagmaal is soos ‘n **sigbare preek**. Dit wys vir ons hoe God se hart lyk, dit wys hoe God se genade lyk, dit demonstreer God se gasvryheid, ons kan dit sien en proe, voel en ruik. En daarom troos dit ons, help dit ons om te glo, versterk en voed dit ons.

(2) In die nagmaal word ons **aan mekaar verbind** as die een liggaam van Christus. Dit gaan om gemeenskap met God en mekaar. Die nagmaal is ‘n “ons” ding, en nie net ‘n “ek” ding nie. God se gasvryheid vra van ons gasvryheid teenoor mekaar. Daarom: “wag vir mekaar…”

(3) Voor ons nagmaal gebruik, moet ons daarom **eers onsself ondersoek**. Verstaan ons wat hier gebeur, wat hier verkondig word? Verstaan ons wat dit beteken dat ons almal saam van die een brood eet, uit die een beker drink? Is ons regtig bereid om gasvry te leef, met mekaar te deel, vir mekaar te wag? Dáároor gaan die selfondersoek. Om dié tafel gaan dit oor gasvryheid. God se gasvryheid… en ons s’n.

Dr. Gideon van der Watt

Baie welkom by ons Nagmaalsdiens vanoggend, gelei deur dr. Gideon v/d Walt en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Ons nooi u hartlik uit om saam met ons aan die tafel te sit. Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig. Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe. Almal is uitgenooi vir ‘n koppie koffie & tee in die binnehof, ná die diens.

Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel/sms gerus vir dr. Gideon v/d Walt (082-780-8038).

Ander eredienste vandag en dié week:

	Geen Sothodiens vanmiddag.
Aanddiens:	Om 18:00 – ds. Jan Lubbe: Efesiërs 1:3-14 (Pinksterreeks begin – sien elders in Fokus meer inligting).
Maandag tot Donderdag:	Om 11:00 – Pinksterbidure by Siësta: ds. Jan Lubbe.
	Om 18:00 – Pinksterbidure in kerk: ds. Jan Lubbe.
Pinkstersondag, 9 Junie:	Oggend om 09:30 – ds. Jan Lubbe (gesamentlike diens).
	Geen aanddiens.

Volgende Sondag, 9 Junie, is ook ons laaste kategese vir die kwartaal (afsluiting).

DEURKOLLEKTES:

26 Mei	Bedieningsmateriaal (fonds vir publikasies)	R 984,30
2 Junie	Fonds Bediening Naskoolse Jeug en Multikultureel (studentekerk).	
9 Junie	Jeugbedieningsfonds (jeugwerk in die Vrystaat).	

Inligtingstuk oor deurkollektes is agter in die kerk op die tafel beskikbaar.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Verjaarsdae:
Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en in die week verjaar:

2 Junie	Hantie Meyer, Petri Crause, Greyling Kruger en Gretha Zietsman.
3 Junie	Sannette Greyvenstein en Luané le Roux.
4 Junie	Ria Jacobs.
5 Junie	Ania Louw, Johannes Liebenberg en Calvin Hellerle.
6 Junie	Leon Buys, Sakkie Jamneck en Chris Vermaak.
7 Junie	Caden Vance.
8 Junie	Joubert Zietsman, Lalie Grobbelaar, Ulie Grobbelaar en Bart Laubscher.

Siekes tuis of in hospitaal:
Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Rita van Zyl (Ryk Tulbachstr. 37, wyk 19b); Willem Bosman (Deanelaan 11, wyk 20b); Tannie Retha Connoway (Kmdt. Senekalstr. 57, wyk 3a); Linda Raath (Striata 42, wyk 13a) en James Brink (Paul Rouxstr. 71, wyk 4a). Mag jul almal, ook diegene wat jul bystaan, die liefdevolle nabyheid van Christus beleef.

Meelewing:
Tannie Isa Buys (Kiepersol 11, wyk 16) is afgelope Woensdagmiddag oorlede, ná 'n lang siekbed. Ons innige meegevoel aan Oom Leon wat haar oor jare so mooi versorg en ondersteun het. Die gedenkdiens is môre-oggend om 11:00 hier in die kerkgebou. Ons meelewing aan die hele familie en vriendekring.

"Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou al geken..." (Jer. 1:5)

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIE:

Woensdag, 5 Junie	05:30 –	Mannebiduur in die konsistorie.
	15:00 –	Gebedskring by Serenitas 161.
		Geen Bybelstudie: Pinksterreeks in die kerk...
Donderdag, 6 Junie	09:00 –	Bybelstudie : Fil. 2 *"Die oudste geloofsbelydenis*".

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg (Leraarswyke):

Wyke 1-10	– ds. Johan Marais (084 517 8052)
Wyke 11-20	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig. Daarom vra ons dat wanneer u vanjaar hospitaal toe sou gaan, of tuis siek is en graag 'n besoek verlang, u ons sal kontak – ons kry nie meer naamlyste by die hospitale nie en sal dus nie weet dat u daar is nie. Indien daar ander nood is of 'n behoefte aan 'n huisbesoek of pastorale gesprek: kontak ons en ons maak graag 'n afspraak met u.

Personeel & Kantoorure:
Aangesien ons skriba, Rita van Zyl tans met siekverlof is tot die 12e Julie, word die gedurende die week gesamentlik deur JJ Calitz en Adri van den Berg behartig; enige navrae steeds welkom, ook op Sondagoggende net ná die erediens.

Gasvryheidsbeurt, sorg-en-omgee:
Wyke 17 (Noorderbloem en buurt) en **18** (Verre Noorde) was in Mei aan diens – ons hartlike dank aan hul elk. In Junie en deur die vakansietyd, is **Wyke 19** (Bayswater) en **20** (Waverley, Arboretum) aan die beurt vir gasvryheid op Sondae met teeskink ná die erediens en verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande. Indien u as vrywilliger by ons gasvryheid, sorg-en-omgee betrokke wil raak, kontak asb. die kerkkantoor (051-436 2750) smiddae.

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING
Teologiese Konferensie oor die Sinode van Dordrecht (1618-1619):
Baie dankie aan alle personeel en die Vrouekomitee vir hulp met die aanbieding van 'n baie geslaagde konferensie om die Sinode van Dordrecht te herdenk. Bykans 50 belangstellendes het dit bygewoon en die referate en bespreking baie interessant gevind. Meer terugvoer hieroor sal in die volgende uitgawe van ons kwartaalblad *woord@bergendal* (Augustus) verskyn.

Vrouekomitee:
Ons herinner vrouelidmate aan ENGO se lappop-projek; hul benodig 40 lappoppe vir behoeftige en/of getraumatiseerde kinders. Skakel asb vir Marinique (051-522 6914) of e-pos na marinique@engo.co.za vir meer besonderhede.

www.bergendalkerk.co.za
Gaan besoek gerus ons splinternuwe webwerf waar jy alles oor ons gemeentelewe kan kry – van die Almanak en Fokus tot preekopnames en kleurvolle foto's...

GETUIENISBEDIENING
Sothoklasse: Vrydae om 10:15 in die Jeugkamer, o.l.v. Charl Marais. Kontak Tannie Erna Gouws (082 442 2335) vir meer besonderhede.

Op soek na 'n diep sekerheid in 'n wêreld en tyd vol onsekerhede?

"Die troos van Gods ewig-soekende liefde"
PINKSTER 2019

Ons leef met groeiende onsekerheid – oor ons bestaan in hierdie land, oor werk en gesondheid, oor polarisering tussen mense en groepe, oor die toekoms van ons kinders, oor klimaatsverandering, oor onstabiliteit op soveel plekke wêreldwyd, selfs oor vrae rakende ons geloofsoortuigings, oor die lewe hierná of is die dood die einde... Waarvandaan sal daar vir ons hulp kom? Waaraan kan ons vashou? Hoe kan ek seker wees? Hoop ons maar vir die beste? Wat vertel ek my kinders?

Jy word hartlik uitgenooi om hierdie week te kom saamlees en luister –
Efesiers 1:3-14

... oor God, as Bron van ons sekerheid – Sondagaand, 2/6 om 18:00
... oor ek as mens, deur God gekies - Maandagaand, 3/6 om 18:00
... oor Christus, in Wie alles berus - Dinsdagaand, 4/6 om 18:00
... oor geloof, as lewende verbintenis - Woensdagaand, 5/6 om 18:00
... oor die Gees, wat in my werk - Donderdagaand, 6/6 om 18:00
... oor troos, waaruit lewe en lof kom - Sondagoggend, 9/6 om 09:30

Elke aand gaan ons saam sing en bid; elke aand is daar ook sop en broodjies in die kerksaal en weer 'n pragtige uitstalling van projekte waarby ons gemeente betrokke is asook goeie leesstof, boeke en 'n uitstalling van die Vrystaatse Kerkargief oor die Sinode van Dordrecht, 1619 tot in ons eie tyd...

Die reeks word soggens om 11:00 ook by Siësta deur ds. Jan Lubbe gelei.

Dwarsdeur die week is daar ook 'n tafel in die saal waar jy 'n kombers vir arm mense in ons stad kan kom neersit – só gee ons ook die troos aan ander.

SPESIALE DANKOFFERMAAND – MEI

Ons Spesiale Dankoffer staan tans op R 253 000 – baie dankie aan almal wat reeds bygedra het. Die begrote mikpunt van R 465 000 lê nog vorentoe; ons weet daar sal voorsien word, dankie.

ABSA Tjekrekening 470 580 011

Op berge en in dale – oral voor God se aangesig.